“Practical Messages for small groups – guidelines for Christian Leaders”

Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? (Rom 10:14)

Daar is baie geleenthede om die Woord van God aan mense te verkondig. Baie gemeentes is bereid om groepe mense te besoek en vir hulle te preek. Baie mense het egter nie die kennis nie en is onervare om 'n sinvolle preek op te stel. Soms het hulle nie die geleentheid om opgelei te word in die kuns van die voorbereiding en lewering van 'n boodskap nie. Hierdie bundel boodskappe kan sulke kerkleiers help om die Woord van God met hulle mede-Christene te deel.

Die skrywer sal baie dankbaar wees as hierdie boodskappe vir sommige ouderlinge of gemeenteleiers van nut kan wees om ’n bydrae te kan lewer tot die uitdra van die evangelie.